





Hallo julle, ‘n nuwe jaar, nuwe besems, nuwe dinge!
Maar op ons ouderdom mag mens mos gou net eers so bietjie stilstaan en terugkyk nê?
Soos die prentjie hier bo aandui, gaan ons die jaar ook voort met besoeke aan die minder bekende bergpasse in Duskantland. Te oordeel aan die lekker name, lê daar ‘n ryke geskiedenis in elkeen van hulle!
Een van Mede-afgetredene hier in my kontrei, Martin Etsebeth en sy vroutjie, of soms sy seun, se stokperdjies is om hierdie afgeleë bergpasse te gaan verken. En met ons te deel. Die wat meer fotos wil sien kan gerus na Martin se blogger gaan loer by:
Dan wil ek net gou ook terug rappoorteer oor die Kammanuus Hulpfonds en ons aanwending daarvan. Daar gee elke maand wat daar genoeg geld is, vir Hennenman se Helpende hande n bedrag wat help om veral vir die kleuters wat basiese dinge kort, te help. Lees gerus boervrou Nicoleen Minnaar van die Vrystaat se terugvoer verder af in die nuusbrief.
Ook het ons aan die ouetehuis in Richmond (Noord Kaap) so nou en dan fondse gestuur om te help wanneer dit vasbrand. Hulle getalle is nou so min dat die inkomste op enige manier aangevul moet word. Een van hul kamers is byvoorbeeld nou uitgerus om reisigers te huisves. Van die gastehuise verwys oorvloei gaste na Huis Driefontein. Kammanuus het gehelp om n yskassie te koop vir daardie doel. So genereer hulle darem nou gereeld in piektye ekstra inkomste. Dankie weereens aan die gereelde skenkers, julle weet wie julle is en jul onbaatsugtigheid verrig wonders en uitkoms waar dit werklik tel.

Laastens, baie dankie aan die vele lesers wat gereageer het op my versoek dat julle laat weet hoe lank julle al Kammanuus kry.
Daar het toe sommer n hele sak vol lekker onthou briefies hier by my opgedaag.

Kom stap tog saam met my en Kamermaatjie deur n paar stukkies van onthou van gister.

Die aanspraakmakers op ‘n getekende kopie van my boek is hier onder so gerangskik dat die wenner heel laaste aangekondig word.

Maar voor ons daar kom, net gou om die grys selle so bietjie wakker te maak, hier is een van die vroeëre en oulike raaisels wat in Kammanuus verskyn het

**RAAI RAAI RIEPA……waarna word verwys?**
*Lizette Smit het dit eerste gehad. Sannie Pool het dit laaste gehad. Lettie Louw het dit twee keer gehad maar net een keer vandat sy met Piet Pompies getrou het…* (Die antwoord is soos gewoonlik elders in die brief, oop en bloot versteek)

*Groetnis, Hennie & Annabelle*




# *Jarelange - leserswedstryd - Uitslag*

(Van die briefies is verkort)

*Goeie middag, Hennie,*

*AL die kammanuuse is elke jaar in 'n jaar-lêer. Eerste Kammanuus, is Nommer 33,18 Junie 2012.*

*Ek het daardie tyd die rekenaar gekry toe my skoonma-hulle in 'n ander huis ingetrek het. Die mense het klomp goed in die huis gelos, onder andere die rekenaar. Ek deps toe die rekenaar, maar ek moes haar betaal (as hier nou emoji's was het ek my ogies toegedruk). Wel, ek was mos nou nuuskierig oor wat gaan als aan op die rekenaar en het orals gekyk wat kan dalk interessant wees - en daar kom ek toe mos af op die ONSDORP bladsy met Kammanuus en al !*

*Ek waardeer elke maand se KAMMANUUS, so ek kan net sê: DOEN SO VOORT !*

*Groetnis en baie seën vir nog baie jare van KAMMANUUS !!*

*Corrie Greyvenstein,*
Welkom

Hallo Pajamaman,

10 jaar is net nou die dag!

Ek, 'n engelse wat die boersprekende vriende van my herhaaldelik moet herinner dat ek Ingelsprekend is, is sekerlik een van die heel eerste lesers. Ek praat van lesers en nie van die wat dit ontvang nie. Ek kan nie mooi onthou nie maar ek dink daai jare was julle in Lesotho by die dam projek? Waarvan praat ons nou, dertig jaar?

Die tyd gaan te vinnig verby.

Groete,

Gordon Cornish – Noorde van Mosambiek

*Kammanuus bestaan nog maar net sowat 24 jaar Gordon – jammer jong -Henne*

Hallo Hennie en Anabelle,

Voorspoed vir die nuwe jaar en dankie vir Kammanuus. Ek weet nie presies wanneer ek dit die eerste keer ontvang het nie, maar dit is beslis meer as 10 jaar. Ek stuur dit ook aan vriende op ons eiland en oorsee.

Verlede April kuier ons by die kinders naby Somerset Wes. Die plek se naam is Croydon Vinyard and Olive Estate - ek noem dit sommer Khayelitsha 2 en kry natuurlik vuil kyke.

Tydens 'n gesprek oor al die mooi plekke langs die kus noem iemand Hermanus en ek moet tot my groot verleentheid bieg dat ek nog nooit die plek met my teenwoordigheid vereer het nie.

Ek weet ons het as jongmense altyd gespot - as iemand vra waarheen gaan jy vir die vakansie sê jy:"Ons gaan met die slaaptrein Hermanus toe". Dit beteken met Jan Tuisbly se karretjie want, alhoewel Hermanus 'n spoorwegstasie het, het daar vir meer as 100 jaar nog nooit 'n trein aangekom nie. 'n Student is 'n snaakse dierasie - hulle het die liedjie "Tussen Treine" so effens aangepas:

**Tussen treine**
**sonder spore**
**lê daar basies**
**net die leë stasie**

Seun het die oggend vry en ons ry met die kuspad langs en verlustig ons in die natuurskoon.

Ons geniet middagete by 'n restaurant in Hermanus en ek vra die kelner vir aanwysings na die stasie. Ons kom egter gou agter hy praat van die polisiestasie. As gevolg van 'n laatmiddag afspraak kon ons nie lank bly nie, maar dit was beslis die moeite werd.

Jy het voorheen genoem dat Onrus 'n groot nedersetting is, maar ek was nogtans verbaas oor die omvang en veral die netheid van die plek. Jy was hierdie keer baie gelukkig - as ons tyd gehad het sou ons julle uitsnuffel en jou wyn-arsenaal geplunder het. Bly maar waaksaam, volgende keer het ons hopelik meer tyd en dit is maklik om julle plek te kry - kyk net uit vir die huis met die dooie boom. (*Geheim tussen Stephen en my – Hennie)*

Groete,
Stephen NZ




*Beste Hennie en Annabelle,*

*Ek dink ek het die eerste keer die publikasie gelees in the middel 2000's, ongeveer 2005 plus. Dus, ongeveer 20 jaar en ek geniet dit nog steeds. Groete van uit Rochester in die VSA.*

*Emile Rossouw.*

Gegroet Hennie!

Ek het my eerste Kammanuus ontvang op 11 Januarie 2011, no269. Ek het elke uitgawe wat ek sedertdien ontvang het gehou en lees so nou en dan van die ouer uitgawes. Hartlike dank vir jou harde werk en die vreugde wat jy in my lewe bring. Doe zo voort!

Groetnis,
Manie Mulder



Goeiedag

Voorspoed vir 2026.

Dankie vir hierdie gereelde Kammanuus. Dit is altyd lekker om hierdie briefie te ontvang. Ek weet ongelukkig nie hoe lank ek al hierdie pos ontvang nie, maar dit is al baie jare. Ek (soos baie ander) help eggsa (elektroniese Genealogiese Genootskap SA) om interessante artikeltjies vir hulle Bakkiesblad te skryf. (Ook al vir baie jare).
Groete,
Kobie Ströh Vanderbijlpark, GGSA VAAL Vaaldriehoek Kultuurgroep

*In die 3de Plek....*

Goeie Dag

Ek geniet die nuusbrief terdeë. Hou ook daarvan om te sien waar is almal in die wêrêld versprei en waarmee hou hulself besig. Ek stuur Kammanuus no 196 van Oktober 2006, wat my 16de epos vanaf kammanuus was. Dus, vêr oor die 20 jaar!
Groete,
Dries Els – Kempton Park



KAMMANUUS
Die Nuusbrief vir Duskantland en Anderkantland

NOMMER 196 23 OKTOBER 2006

LEES HIERDIE WEEK
- Etiket met Nataniël - 7
- Hulle het ons wêreld verander - 9
- AGTEROS: Monument vir die praaimus

Van die redakteur

Korea tot in die Karoo






*En in die 2de Plek:*

*Hermann Kuschke van Namibië, met die briefie van my af aan hom in 2006 - Ons was toe nog op die ewenaar op die eiland Suid Sulawesi, Indonesië*

Sent: Thu 05-Jan-06 05:40
To: Hermann



Wees gegroet, Hermann!
So met die intrapslag in die nuwejaar, net n vinnige briefie om kuberblad te skud en jou te vertel dat die eerste Kammanuus die jaar so teen 16 Janurie op Onsdorp se rakke sal wees.

Indien daar meer as een kopie by jou opdaag, Hermann, laat weet asb dadelik want ek het bietjie met my verspreiders gestoei oor die baie briewe wat laas jaar gehop het.
Hulle mog miskien n adres of twee teruggeplaas het op my poslys wat voorheen op die sogenaamde 'krukkelys' was.

Verder hoor ek die 'Kaapse dokter' waai op die oomblik mense uit hul bloedgroep uit en dit beteken dat die binneland van Duskantland mos reen kan verwag!
Uit Kanada en Korea weer verneem ek die sneeu is ekstra dik die jaar en wolsokkies is die in ding.
Hier op die ewenaar bly dit natuurlik nat en warm hoewel ek gisteraand amper net soveel sterre kon sien het as wat mens in die karoo kan waarneem op n bewolkte aand ;-)

## En, die wenner met meer as 'n hele 21 jaar gelede:

***(Trommelrol.............Taraaaaaa!)***

**Feb 9, 2005** at 11:34 PM
Welkom in Onsdorp, Juleen!

Hallo Hennie,
Baie dankie vir die welkom heet brief - dit is nou vanaand iets wat my skoon onkant vang na 'n uiters moeilike dag. Dis net 'n jammerte ek 'ontdek' julle nou eers - is daar dalk 'n argief van al die uitgawes tot dusver, of is dit nou net tot daarna toe as ek agter die klip was tot nou toe??

Daar was nog nie regtig 'n geleentheid om tyd 'saam' met jou webblad te spandeer sedert ek van die Kammanuus gehoor het nie, maar dit sal kom. "As" en "maar" is my twee grootste bronne van irritasie in die lewe wat woorde betref, en tog is dit wat nou by my eie mond uitkom! Dis iets wat nie sommer ligtelik aangehaal sal word ook nie.

Ek sal maar liefs nie my pa se geliefde gesegde aanhaal oor AS nie, netnou skok ek jou so erg dat julle my verban voor ek nog behoorlik nesgeskop het. Ek sien uit na die Kammanuus.
Groetnis uit die Kaap (met die hart van 'n Karookind - afkomstig van Laingsburg),
Juleen

***Veels geluk, Nirsie!*** *Jou boekprys is op pad sodra ons dit binnekort begin druk. Vir die wat gaan belangstel om die boek te lees, ek sal dit binnekort op [www.onsdorp.com](http://www.onsdorp.com) begin bekendstel. Maak so nou en dan 'n draai daar. – Red*

## *Kammanuus en Helpende Hand Help Mekaar in HENNENMAN*

*Nicolene, die boervroutjie daar met wie ek skakel, skryf as volg:*

*Kammanuus het jare gelede ons Solidariteit Helpende Hand tak in Hennenman se hand gevat en nog nooit gelos nie! Ons is so dankbaar vir die ondersteuning wat ons kry van wyd en suid, maar meer nog – dit gee mens hoop om te weet dat so baie mense hulle hand opsteek om armoede in ons plaaslike gemeenskappe te beveg op verskillende maniere. Dit gee hoop, want ons bou saam aan 'n blink toekoms.*

*Die hoofsaak waarmee Kammanuus ons die afgelope paar jaar al help, is om behoeftige mammas te voorsien van doeke – iets wat in daardie huishoudings 'n baie groot verskil maak. Hierdie jaar is daar drie van hierdie outjies wat ons gehelp het met doeke en wat vanjaar grootskool toe gaan!*



*Hulle kon hulle graad 1 jaar met trots en opgewondenheid aanpak met die skooltassie wat hulle gekry het (as deel van Solidariteit Helpende Hand se nasionale tassie projek) en splinternuwe sportklere wat Kammanuus gefinansier het. Dis wonderlik om 'n pad saam met die kindertjies te stap en hulle voete te help rig op 'n toekoms wat vir hulle blinker is as wat dit andersins sou wees. Baie dankie, Kammanuus, dat julle ons hiermee help!*

*Ons mag ongelukkig nie die drie kleuters se gesiggies wys nie, maar Nicolene verseker my die ogies blink!*

*(Indien daar nog lesers is wat belang stel om ook te help, skryf vir my by [info@onsdorp.com](mailto:info@onsdorp.com) met **Helpende Hand** in die onderwerplyn)*








# Manakwalandse LEMONADE



Liewe lesers,

Kom ons hou die somer langer by ons! Ons ken mos almal die gesegde wanneer die lewe vir ons suurlemoene gee dan maak ons lemonade! Wel, so maak mens:



Rasper 4 suurlemoene se skil op fynkant van rasper en gooi in 'n kastrol saam met:

4 k suurlemoensap

¼ t sout

4 k suiker

Roer oor matige hitte met houtlepel tot suiker gesmelt is.

Moenie kook nie.

Koel af en gooi in bottels en bêre in yskas.

Gebruik 1 deel stroop met 6 dele yskoue water of sodawater.

Bedien in glase met ysblokkies.

**Bron**: Radio Namakwaland

Groetes tot volgende keer!

Retha , Bettiesbaai







# Raaisel8tig




30cm is verkeerd!





# Dié Maand se Giggels












# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,

Voorspoed vir almal
vir 2026.



Hiermee die volgende 3 blommetjies vanuit ons St Helenabaai omgewing.

Die eerste een is die **Lampranthus vredenurgensis** of soos in die volksmond beter bekend as die **Vredenburg kruipvygie**. Hierdie vygie is beperk tot granietkoppies van Vredenburg tot Stompneusbaai en blom vanaf Julie tot September ;



Die tweede blom is die **Albuca Cooperi** en word ook die **Geldbeursie** genoem. Dit is n bolplant met geel-groen blomme op lang blomstele. Hulle blomtyd is September tot November. Hulle kom wyd voor in sandgrond van Namakwaland tot Swellendam.



Die derde enetjie is die **Nemesia versicolor** oftewel, **Bontleeubekkie of weeskindertjies.** Hierdie is klein blommetjie saamgepak aan die punte. Dit is n eenjarige plant wat van die grond of vertak. Blomtyd is Julie tot September.

Ons groet tot volgende maand vir nog blomme uit die Weskus.

Derek Conradie




# Van die Koue Bokkeveld na Warm Bokkeveld, oor die Skitterykloof en die Katbakkies Passe

**Skitterykloofpas**

Skitterykloof (ook bekend as Peerboomskloof) was vir 'n tyd verkeerdelik as Katbakkies bekend, totdat die ware Katbakkies-pas, sowat 15 tot 20 kilometer wes daarvan, homself as die regmatige eienaar van sy naam onthul het. Mens kan jou self indink waar die naam vandaan kom.

Die klein bergpas lê in die pragtige Koue Bokkeveld in Cederberg, 'n reeks ongelooflike berge op 'n plato sowat 1050 m bo seevlak, wat waarskynlik die rede is waarom dit as 'koud' beskryf word, ondanks die uiterstes in temperatuur wat mense wat hier woon ervaar – somers is baie warm maar kort, terwyl winters gewoonlik sneeu insluit.

**Katbakkiespas** het wat algemeen bekend staan as 'n beskrywende naam. Ander in die gebied sluit Houdenbek en

Die Katbakkies-pas het glo sy naam gekry van die berg waaroor dit loop, wat gesê word om soos die gesig van 'n kat te lyk. Die ander teorie (want eersgenoemde strek egter effe die verbeelding ietwat) is dat jy moes agteruit teen die pas op – hierdie kattebak is dié van 'n motor – omdat dit so steil was. Geen van die verklarings pas heeltemal nie en daar is steeds verwarring oor watter pas die naam 'Katbakkies' by pas.

Die Koue Bokkeveld bestaan uit Cedarberg-sandsteen.Die reeks is geleë bo Prince Alfred Hamlet, noord van Ceres, en suid en oos van Citrusdal. Die Koue Bokkeveld loop in 'n WNW-OOS-rigting met 'n hoë helling aan sy suidelike en suidwestelike kant. Die gemiddelde hoogte van die reeks is 1600 meter.
Die gebied is ook ryk aan biodiversiteit, met bergfynbos op hoër hoogtes en kolle berg-sipres.

Die Koue Bokkeveld is ook die tuiste van antieke San-rotsskilderye by Katbakkies en 'n meteoriet wat op 13 Oktober 1838 neergestort het, bekend as die Koue Bokkeveld of CM2-meteoriet. Hierdie is onder geoloë as ‘n Chondriet tipe meteoriet bekend. Dit beteken hulle is nie geaffekteer deur smelting nie en bevat nie net onder andere diamante nie, dit dra ook die basiese boustene waaruit alle lewende weses bestaan. Huidige navorsing teiken juis sulke meteoriete in die buitenste ruimte

Die CM-2 is ons mees bekende meteoriet

Die Koue Bokkeveld is 'n belangrike area vir buitelugaktiwiteite soos stap, kampering en die verkenning van bosman-rotskuns. Dit is ook bekend vir sy vrugte- en groenteproduksie, met die Warm Bokkeveld as 'n vrugbare vallei wat die dorpe Ceres en Prince Alfred Hamlet insluit. Die area bied 'n verskeidenheid aktiwiteite, insluitend zipline-toere, vierwielfietsry, abseil, perdry en visvang.

Die reis deur die Koue Bokkeveld na die Warm Bokkeveld is 'n skilderagtige rit wat besoekers beloon met panoramiese uitsigte oor die omliggende landskap. Die area is 'n bewys van Suid-Afrika se ryk geskiedenis en natuurlike skoonheid, wat dit 'n moet-besoek bestemming maak vir diegene wat avontuur en asemrowende uitsigte soek.

Dit is die pad wat die Koue Bokkeveld met die Ceres Karoo verbind. Die uitsigte vanaf die pad is ongeëwenaard en 'n fotograaf se droom, veral die eerste uitkykpunt. Hierdie gebied word ook beskou as die suidelike deel van die Tankwa Karoo en voëllewe hier en verder weg, is 'n groot trekpleister.

*Martin Etsebeth*



# SPREEKWOORDELIKS

## ‘Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd ‘n sedeles, die ander ‘n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het ‘n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Kokkedoo:** ’n Groot kokkedoor (’n belangrike persoon)

Die kokkedoor is 'n vervorming van die Franse coq d’or, dus "haan van goud". Goue hane was vroeër eeue baie gewild, maar ook baie skaars en duur, en enigeen wat so 'n haan kon bekostig, moes dus 'n welaf of vooraanstaande persoon wees. Daar is naderhand oordragtelik na die eienaar verwys as die coq d’or - die goue haan, die groot kokkedoor.

**Kokkewiet:** Die kokkewiet het gebyt, gesny (gesê as iemand se voet van onder gebars of gesny is, veral onder die tone)

Gesê na aanleiding van 'n versinsel van die ouer geslag dat 'n sandbewoner soos 'n mierleeu kinders se tone sal afsny as hulle kaalvoet loop. Dit is ook vroeër as 'n versagting gebruik vir voetskimmel (atleetvoet). ’n Vroeëre geslag het gedink dat dit onfatsoenlik is om in beleefde geselskap van voete te praat.

**Kolmuis**: Kolmuis vreet wasgoed (gesê as iemand se klere in die gleuf van die boude optrek)

Kolmuis is dikwels die naam van 'n koei wat 'n kol voor die kop of kolle op die lyf het. Die beeld van 'n koei wat wasgoed vreet, is waarskynlik in geselskap gebruik om kuisheidsredes.

**Komkommer:** So koel soos ’n komkommer (nie die minste opgewonde nie)

Wetenskaplikes het sedert die jare 1500 beweer dat die binnekant van 'n komkommer sowat 9 grade Celsius koeler is as die omringende temperatuur, hoofsaaklik as gevolg van die hoë waterinhoud van die vrug.

**Komkommertyd**: Die komkommertyd (stil tyd wanneer nie veel gebeur nie)

Die komkommer kom oorspronklik uit Asië, veral Indië, en daar is lank geglo dat daar nooit veel gebeur in Indië nie. In Europa was Augustus die komkommertyd omdat die komkommers dan ryp is en die handel oor die algemeen afneem tydens die tradisionele somervakansie.

Kool: Iemand oor die kole haal (iemand berispe)

Die oorsprong is 'n ou strafgebruik uit die Middeleeue toe 'n persoon sy onskuld moes bewys deur kaalvoet oor gloeiende kole te loop. As hy gebrand het, was hy skuldig.




## DIT WAS 'N WARM DAG IN SUNNYSIDE…

Met my katkots in 'n tuimeldroeër Maandag se handrem uiteindelik opgetrek, kan ek weer asemhaal en opvang met die mengelmoeskardoes in my kop.

Januarie 12, 44 jaar gelede was ons vasgevang in 'n hittegolf op steroïede in Sunnyside, Pretoria. Met 'n 39 weke swanger lyf, was dit beswaarlik ideale weer vir 'n goeie bui. Geoffrey (19 maande oud) en alleen saam met 'n boepens ma in 'n 64m² spasie van die woonstel op die 12de vloer) se "cabin fever" was erg. Met die idee om hom moeg te kry by die parkie verder af in Jorrisenstraat, besluit ek toe "wyslik" om met die motor tot by die parkie te ry ingeval ek in kraam gaan (ken mos vr Murphy persoonlik en baie goed!) dan kan ek ten minste relatief vinniger terugkom by die woonstel... of so was *my* plan... Daai dag agtergekom wat beplanning beteken as dit boemerang. Kry genadiglik parkering onder die bome se skaduwee, en stap ewe entoesiasties na die naaste oop swaai en help hom op die sitplek. Ek wou nog stoot vir die tweede swaaipoging (eerste was maar flouerig), toe spring hy af en kondig baie dramaties aan "Kaaaaa!" terwyl hy in die rigting van die wipplank storm. Hy plak sy bas op die oop sitplek en ek druk die anderkant se punt op die grond met hom wat uit sy maag uit lag. Laat sak hom af en wil nog druk vir die tweede wip en daar spring hy af met sy "Kaaaa" en vlieg weg na die draaiding met my waggelend agterna. Genadiglik was die ding aan't draai toe hy grootoog daar aankom, so ek kon hom inhaal. Weer eens het ek skaars momentum opgebou vir een rotasie, toe hy met die aankondiging "Kaaaaa" afspring en na die glyplank toe hol en trappies opklim om af te gly. Ek was nog op pad in sy algemene rigting, toe hy reeds afgly en op sy sitvlak wip onder op die grond. My hoop dat hy 'n tweede gly gaan aandurf, het gou gesneuwel met sy entoesiastiese "Kaaaaaa" voor hy in die motor se rigting begin hardloop met daai kort beentjies van hom. Verdomp bedrieglik vinnig as jy my vra! Vir hom om tussen sitplekke van agter na voor te beweeg, was ongelooflik maklik vir daai klein lyfie. Met hom in sy stoeltjie vasgegordel, draai ek om en maak die deur agter my toe nadat ek die venster effe oopgedraai het vir vars lug. Hy het van kleins af vreeslike sterk vingertjies gehad, en ons moes altyd sorg dat die gordel toegemaak is met iets voor hy dit kan losmaak. In dié hitte, was dit nie eens amper 'n opsie nie. Die kenmerkende klikgeluid van die ding wat losgemaak word, kyk ek so amper in "kyk weer-aksie" na hom wat alreeds besig is om vorentoe tussen die sitplekke deur te klim.



Vang hom net voor hy suksesvol vorentoe kon klouter en maak hom sit en knip hom weer vas. My rug pyn op plekke waar ek nie kon dink dit kan pyn nie, en die vorentoe leun is glad nie goed vir die lyf nie. Met die regopkomslag met my hand reeds op die deur, kom daai klank weer 'n keer met 'n knal deur met 'n baie selfvoldane klein helletjie wat na my kyk met 'n "en-wat-gaan-jy-doen-aan-my-gesiggie". Gefrustreerd gooi ek die sleutels op die vloer en begin hom weer vasmaak. Kom steunend regop, maak die deur toe en stap om die motor om in te klim, en besef die sleutels lê op die vloer. Met die omdraaislag sien ek hom regop kom op die sitplek langs sy stoeltjie en voor ek die deurhandvatsel kan oopmaak, druk hy die deur se knoppie en sluit die deur... en my sleutels lê op die vloer! Met daai Mazda 323 het jy nog individuele deure kon oopsluit. Nou het dié tornado'tjie vrye teuels in die motor en ek is magteloos buite vasgevang. 'n Ouer vrou stap nader en vra of sy by die motor kan wag, dan gaan bel ek my man om die spaarsleutel te bring. Die woonstelblok oorkant die pad is my beste opsie en na sy my gerusstel sy sal daar bly, stap ek by die eerste deur en klop aan. Die man wat oopmaak, het my een kyk gegee en verskrik na die telefoon in die portaal gewys. Daai wieletjie het soos 'n hamsterwieletjie gerook van bekommernis dat dié nie goed gaan eindig nie! Die telefoon lui en lui net by Chris se werk, en na die derde poging, gee ek bes en stap terug motor toe. Die man se opvallende verligting om my rugkant te sien met 'n skoon vloer by alles, was lagwekkend! Dis in elk geval amper tyd vir Chris om by die huis te wees, miskien is hy reeds op pad. Al genade is nou om die twee blokke woonstel toe te stap en hom daar te kry. Die vrou bied aan om te bly en hom dop te hou, want Chris gaan haar nie ken of glo nie. Ironies genoeg was ek die opsigter by die woonstelle en het nie toegang tot my eie woonstel nie! Net toe ek uitasem by die woonstel aankom, trek Chris met sy Kawasaki 400 in en frons. Vra of hy sy sleutel vir die kar by hom het, en met sy "Ja" klim ek - boepens en al - agterop sy motorfiets en hou aan sy lyfband vas. My arms was te kort om om sy lyf te pas en wys toe hy moet ry. By die motor aangekom, is Geoffrey sopnat gesweet en besig om die kassette wat in die houer was, met groot genot uit te ryg dat jy deur die oop venster (te klein vir my arm om deur te pas) kan hoor hoe dit zirrrrr maak.



Murphy was op sy stukke daai Dinsdagmiddag. Juis die dag wat Lyttleton Ingenieurswese besluit om die hele sentrale te vervang, het ek nodig om Chris te kontak. Gelukkig, met kommunikasie op die koffie, word Chris toe darem vroeg huistoe gestuur, wat dit effe makliker gemaak het, maar dit was maar 'n skrale troos op daai warm dag in Sunnyside...

Juleen Du Toit (Ook bekend as *Nirsie* vir van ons Kammalanders)



## AGTEROS
Net voor uitspantyd




# Skoolgaan is toe nie 'n konsert nie...

Vanoggend toe ek die plaaslike koerant oopmaak, is dit darem nie vol van net die brande, droogte en waterbeperkings nie, maar ook van die opgewonde kindergesiggies op hulle eerste skooldag.

Daaardie gesiggies het my gedagtes vêr laat teruggaan, weg van die druk van die grootmenslewe, na my eie sorgelose kinderdae.

***Gedra jou!*** Dis seker die twee woorde wat ek die meeste in my vormingsjare op skool gehoor het. Helaas, regdeur my skoolloopbaan, was dit vir my maar altyd 'n baie vae stelling.

Nou nog, as ek na al die fotos in die koerant kyk van die Graad Een kleintjies se eerste formele skooldag, herleef ek weer my frustrasie met daardie twee woorde. Veral as ek party van die gesiggies so blinkoog en vol verwagting sien, terwyl van die ander weer onseker, tranerig en angstig is oor hierdie groot gebeurtenis in hulle lewe. Die drumpel wat hulle nou moet oorgesteek van Mamma af na Juffrou toe en van speel na leer en presteer.

Die grootste versugting wat ek seker nog ooit gehad het, was om skool toe te kon gaan. Nie Speelskool toe nie. O, nee ! Ek wou sommer van meet af aan in die Grootskool wees. Ek wou ook soggens die skooldrag kon aantrek en al die wonderlikhede van 'n skool gaan leer en beleef het. Miskien moet ek eers sê my broer en suster is tien en sewe jaar ouer as ek en hulle het in die Grootskool in die wonderlikste konserte opgetree. Dit is mos wat 'n mens in die Grootskool doen, reg ? Of, met dié vraag in gedagte, laat ek liewer voor begin. Toe my Ma agterkom ek is linkerhand dominant het sy, om 'n moontlike probleem te voorkom, my voor skoolgaande ouderdom alreeds leer lees en skryf. Op my eerste skooldag was dit toe juis 'n grootprobleem, want ek het sommer dadelik besef dat ek die juffrou sal moet help om die klomp kinders in haar klas touwys te maak.

Al wat ek in Sub A by die juffrou geleer het, was dat 'n liniaal eintlik uitsluitlik vir haar gebruik was. Dis nou wanneer ek nie buite in die gang moes gaan staan het nie, sodat sy darem ook 'n beurt kon kry om die ander kinders iets te leer.

Dit het my saak ook gladnie gehelp toe ek my hond by die klaskamer ingesmokkel het om dié kwaai Sub A juffrou te byt nie. Trouens, die oefening het op my en die hond se eerste besoek aan die Skoolhoof se kantoor uitgeloop.




'n Jaar of twee later is daar 'n oudisie vir die skoolorkes en die gawe musiekjuffrou laat my toe om self 'n musiekinstrument te kies. Ek maak dit vir die simbale. Wat 'n fees ! Mens hoef nie eers te oefen of na die diregent te kyk nie. Mens kan sommer met toe oë net luister en laat waai. Of was dit dalk lawaai ?

Ek het toe die orkes gehaal, maar die musiekjuffrou het my afgeskaal van die simbale af, na so 'n ou klein driehoekie met 'n nog kleiner pennetjie waarmee 'n mens dit moes slaan. Of wat 'n mens ookal daarmee moes doen, want nie eers 'n hond sou die ou klingeltjie wat die driehoekie gemaak het, kon hoor nie. Al het ek dit ook hoe geesdriftig geklingel soos en wanneer ek gedink het dis nodig.

Nouja, Grootskool blyk toe nie 'n konsert te wees nie en die skooluniform nie 'n konsertkostuum nie. Die tranerige, Graad Een gesiggies het dit dalk reg opgesom gehad. Soos 'n mens op goeie Amerikaanse "slang"-taal sou sê, " you're toast ! "

Of hoe ?

Leonora

*Ns. Bobby die hond, is nooit van stryk af gebring deur sy talle besoeke aan die Skoolhoof se kantoor nie. Aan die einde van sy Sub A jaar, het hy by die einste Skoolhoof 'n lekker murgbeen en 'n rooi strik as prys gekry vir getroue bywoning.*

***Raai,raai riepa: Dis die letter 'L'***

# FLUIT, FLUIT...